

# **GRONDWET MATIES PERDRYKLUB**

(Aanvaar op 5 Augustus 2009)

# GRONDWET

## MATIES PERDRYKLUB

(Goedgekeur op 5 Augustus 2009)

---

### Inhoudsopgawe

|    |                                                               |    |
|----|---------------------------------------------------------------|----|
| 1  | Naam .....                                                    | 3  |
| 2  | Doelwitte .....                                               | 3  |
| 3  | Hoofkantoor .....                                             | 3  |
| 4  | Regsgebied .....                                              | 3  |
| 5  | Affiliasie .....                                              | 3  |
| 6  | Lidmaatskap .....                                             | 3  |
|    | 6.1 Lewenslange lede .....                                    | 3  |
|    | 6.2 Erelede .....                                             | 3  |
|    | 6.3 Lede van die Uitvoerende Bestuur .....                    | 4  |
|    | 6.4 Klublede .....                                            | 4  |
| 7  | Aansoeke en bedankings van lede .....                         | 4  |
| 8  | Dissipline .....                                              | 4  |
| 9  | Algemene Vergaderings van die Klub .....                      | 4  |
|    | 9.1 Algemene Jaarvergadering .....                            | 4  |
|    | 9.2 Buitengewone Algemene Vergadering .....                   | 5  |
|    | 9.3 Bywoning van en stemming by Algemene Vergaderings .....   | 6  |
|    | 9.4 Besluite .....                                            | 6  |
|    | 9.5 Kworum by Algemene Vergaderings .....                     | 6  |
|    | 9.6 Voorsitter by Algemene Vergaderings .....                 | 6  |
| 10 | Uitvoerende Bestuur .....                                     | 7  |
|    | 10.1 Verkose lede .....                                       | 7  |
|    | 10.2 Benoemde lede .....                                      | 7  |
|    | 10.3 Benoeming en aanstelling .....                           | 7  |
|    | 10.4 Ampstermyn .....                                         | 8  |
|    | 10.5 Ontheffing uit amp .....                                 | 8  |
|    | 10.6 Magte en pligte van die Uitvoerende Bestuur .....        | 8  |
|    | 10.7 Vergaderings en kworum van die Uitvoerende Bestuur ..... | 10 |

|      |                                                     |    |
|------|-----------------------------------------------------|----|
| 10.8 | Voorsitter by Uitvoerende Bestuurvergaderings ..... | 10 |
| 10.9 | Hersiening en herroeping van besluite .....         | 10 |
| 11   | Dagbestuur .....                                    | 10 |
| 12   | Die Voorsitter .....                                | 10 |
| 13   | Finansies .....                                     | 10 |
| 13.1 | Beheer oor finansies .....                          | 10 |
| 13.2 | Ledegelde .....                                     | 11 |
| 13.3 | Ouditering .....                                    | 11 |
| 14   | Kleure van die Klub .....                           | 11 |
| 14.1 | Klubbaadjie, -wapen en -das .....                   | 11 |
| 14.2 | Erewapen .....                                      | 11 |
| 14.3 | Ander kentekens .....                               | 12 |
| 14.4 | Klubuniform .....                                   | 12 |
| 15   | Toekennings .....                                   | 12 |
| 16   | Wysigings van die Grondwet .....                    | 12 |
| 17   | Ontbinding .....                                    | 12 |

---ooOoo---

# MATIES PERDRYKLUB GRONDWET

---

## 1. NAAM EN STATUS

Die naam van die klub is die Maties Perdryklub (MPK), hierna “die Klub” genoem, en dit is ’n sportklub sonder regspersoonlikheid binne die Universiteit van Stellenbosch.

## 2. DOELWITTE

Die doelwitte van die Klub is soos volg:

- 2.1 om perdry as ontspanning- en kompetisiesport te bestuur en te bevorder by die Universiteit van Stellenbosch
- 2.2 om opleiding en afrigting te verskaf en om die ryvermoëns en algemene ruiterskap van lede te bevorder
- 2.3 om deel te neem aan die ontwikkeling van gemeenskapsdiens
- 2.4 om perde teen alle vorme van mishandeling en wreedheid te beskerm, asook die welsyn van perde te verseker
- 2.5 om die Klub só te bestuur dat dit selfonderhoudend sal wees
- 2.6 om die goeie naam en statuur van die Universiteit van Stellenbosch uit te dra volgens die Riglyne en Prosedures van die US Sportburo

## 3. HOOFKANTOOR

Die hoofkantoor van die Klub is die Sportburo, Coetzenburg, Stellenbosch.

## 4. REGSGEBIED

- 4.1 Die regsgebied waarbinne die Klub sy doel nastreef en sy funksie vervul, behels die volgende:
  - 4.1.1 die kampus van die Universiteit van Stellenbosch
  - 4.1.2 enige ander terrein wat tydelik of permanent deur die Universiteit of Klub vir die doeleindes van die Klub verkry is
- 4.2 Alle lede en beamptes wat die Klub buite hierdie regsgebied verteenwoordig, bly onderhewig aan die regsgebied van die Klub.

## 5. AFFILIASIE

Die Klub affilieer aan enige perdesportliggaam indien dit so vereis word.

## 6. LIDMAATSKAP

Die volgende deelnemende en nie-deelnemende persone is geregtig om lede van die Klub te word:

### 6.1 Lewenslange Lede

Dié lede van die Klub word op voorstel van die Uitvoerende Bestuur en met eenparige goedkeuring van lede op ’n Algemene Vergadering verkies.

### 6.2 Erelede

Erelede word jaarliks, vir ’n termyn soos omskryf, verkies op voorstel van enige lid van die Uitvoerende Bestuur en met die eenparige goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur.

### 6.3 Lede van die Uitvoerende Bestuur

Lede van die Uitvoerende Bestuur word verkies en benoem ooreenkomstig die bepalings van paragraaf 10.1.

## **6.4 Klublede**

Daar moet aansoek gedoen word om lidmaatskap van die Klub en slegs die Uitvoerende Bestuur kan 'n aansoek na oorweging goed- of afkeur. Persone uit die volgende kategorieë kan om lidmaatskap aansoek doen:

- 6.4.1 geregistreerde studente en personeel van die Universiteit van Stellenbosch
- 6.4.2 studente by tersiêre instellings (bv. Elsenburg, Boland Kollege) in Stellenbosch en in die Stellenbosch-distrik
- 6.4.3 ander persone wat volgens die volgende riglyne deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur is:
  - oud-Maties
  - gebrek aan fasiliteite in die omgewing
  - vlak van deelname
- 6.4.4 Die Uitvoerende Bestuur behou die reg voor om enige aansoek om lidmaatskap te weier onderhewig aan regverdige en grondige redes.

## **7. AANSOEKE EN BEDANKINGS VAN LEDE**

- 7.1 Alle lede sal aansoek doen om lidmaatskap op die vorms soos voorgeskryf deur die Sportburo.
- 7.2 Deelname aan enige perdesport is onderhewig aan goedgekeurde lidmaatskap van die Klub deur die Uitvoerende Bestuur.
- 7.3 Geen lid wat gedurende 'n bepaalde jaar by die Klub geregistreer is, mag sonder die goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur gedurende daardie jaar enige ander klub binne óf buite die Westelike Provinsie verteenwoordig nie.
- 7.4 'n Lid wat by die Klub aangesluit het, bly deel van die Klub totdat die betrokke lid 'n oorplasing na 'n ander klub aanvra of skriftelik van die Klub bedank. Sodanige lid is verplig om die jaarlikse klubfooie te betaal vir solank as wat hy/sy lid van die Klub is.
- 7.5 Alle lede is onderworpe aan die gedragskode van die Klub soos vervat in die Reglemente.

## **8. DISSIPLINE**

- 8.1 Dissiplinêre optrede kan teen 'n lid geneem word indien die Uitvoerende Bestuur bevind dat die lid enigiets gedoen het wat:
  - 8.1.1 teenstrydig is met die doelwitte en/of belange van die Klub of perdrysport in die algemeen; of
  - 8.1.2 aanstootlik is vir mede-lede.
- 8.2 Indien 'n klagte teen 'n lid geopper word deur:
  - 8.2.1 'n lid van die Uitvoerende Bestuur by 'n Uitvoerende Bestuursvergadering
  - 8.2.2 enige lid, skriftelik, aan die Uitvoerende Bestuur
  - 8.2.3 enige ander persoon wat beweer dat hy/sy persoonlike kennis dra van die feite wat aan die lig gebring word,
 kan die Uitvoerende Bestuur of 'n aangewese subkomitee die saak aanhoor in terme van die Dissiplinêre Prosedures, soos uiteengesit in die Reglemente.

## **9. ALGEMENE VERGADERINGS VAN DIE KLUB**

### **9.1 Algemene Jaarvergadering**

Die Algemene Jaarvergadering is die hoogste gesag van die Klub.

- 9.1.1 Die Algemene Jaarvergadering vind voor die einde van Oktober plaas.

- 9.1.2 Skriftelike kennisgewing van die datum, tyd en plek word minstens een-en-twintig (21) dae voor die betrokke datum deur die Sekretaris aan alle persone wat ingevolge paragraaf 9.3 daarop geregtig is om die vergadering by te woon en aan die verrigtinge deel te neem, gestuur. Die volgende dokumentasie sal saam met die kennisgewing uitgestuur word:
- die sakelys van die vergadering
  - die notules van die vorige Algemene Jaarvergadering en van enige Buitengewone Algemene Vergaderings wat sedert die laaste Algemene Jaarvergadering gehou is
  - 'n kennisgewing volgens die vereistes van paragraaf 16
- 9.1.3 Enige lid wat 'n voorstel vir insluiting op die sakelys wil indien, of wat 'n verandering aan die Grondwet soos per paragraaf 16 wil aanbring, sal die geskrewe voorstel wat die handtekeninge van beide die voorsteller en sekondant bevat, aan die Sekretaris besorg, nie later nie as veertien (14) dae voor die vergadering sal plaasvind. Beide die voorsteller en sekondant moet by die vergadering teenwoordig wees, anders sal die voorstel wegval.
- 9.1.4 Indien enige voorstel ontvang is in ooreenstemming met die prosedure soos in paragraaf 9.1.3 uiteengesit, sal die Sekretaris nie later nie as tien (10) dae voor die vergadering, 'n verdere kennisgewing wat die voorstelle bevat aan al die lede uitstuur.
- 9.1.5 Die sakelys van die vergadering word minstens tien (10) dae voor die datum van sodanige vergadering deur die Sekretaris aan die persone vermeld in paragraaf 9.3 gestuur, en afskrifte daarvan word op al die kennisgewingborde wat gewoonlik deur die Klub gebruik word, aangebring.
- 9.1.6 Die sakelys maak voorsiening vir die volgende aangeleenthede:
- verwelkoming en konstituering
  - bekragtiging van die notule van die voorafgaande Algemene Jaarvergadering en enige Buitengewone Algemene Vergadering wat sedertdien gehou is
  - sake voortspruitend uit die notule/s
  - oorweging van die Jaarverslag van die Uitvoerende Bestuur vir die voorafgaande jaar op aanbeveling van die Uitvoerende Bestuur
  - oorweging en goedkeuring van die Inkomstestaat en die Balansstaat van die Klub
  - verkiesing en benoeming van lede van die Uitvoerende Bestuur
  - benoeming van Ouditeur
  - verkiesing van Lewenslange en Erelede (indien daar enige nominasies is)
  - die hantering van enige spesiale aangeleenthede waarvan daar ooreenkomstig die bepalings van hierdie Grondwet behoorlik kennis gegee is
  - toekennings
  - afsluiting van vergadering
- 9.1.7 Die notule van die Algemene Jaarvergadering moet binne een-en-twintig (21) dae aan die lede van die Klub uitgestuur word.

## **9.2 Buitengewone Algemene Vergaderings**

- 9.2.1 Die Voorsitter van die Klub kan te enige tyd uit eie beweging 'n Buitengewone Algemene Vergadering belê, of moet sodanige vergadering belê op versoek van:
- die meerderheid van die Uitvoerende Bestuur; of
  - die Uitvoerende Bestuur, binne veertien (14) dae na ontvangs van 'n skriftelike versoek onderteken deur ten minste tien (10) lede van die Klub.

- 9.2.2 Die doel van die vergadering word in die versoek gemeld en geen ander werksaamhede as dié waarvan kennis gegee is, word op die vergadering verrig nie.
- 9.2.3 Die sakelys van 'n Buitengewone Algemene Vergadering word minstens veertien (14) dae voor die datum van sodanige vergadering deur die Sekretaris aan die persone vermeld in paragraaf 9.3 gestuur, en afskrifte daarvan word op al die kennisgewingborde wat gewoonlik deur die Klub gebruik word aangebring.
- 9.2.4 Indien daar na dertig (30) minute steeds nie 'n kworum teenwoordig is nie, sal die mosie wat voor die Buitengewone Algemene Vergadering gelê is as ongeldig geag word.

### **9.3 Bywoning van en stemming by Algemene Vergaderings**

- 9.3.1 Die volgende persone kan die Algemene Vergaderings van die Klub bywoon, aan die bespreking deelneem en oor alle aangeleenthede stem:
  - a) die lede van die Uitvoerende Bestuur soos vermeld in paragrafe 10.1 en 10.2.1
  - b) lewenslange lede soos vermeld in paragraaf 6.1
  - c) klublede wat vir ten minste ses (6) maande voor die vergadering 'n geregistreerde lid van die Klub was
- 9.3.2 Persone in paragraaf 9.3.1 hierbo genoem en wat persoonlik by die vergadering teenwoordig is, bo die ouderdom van agtien (18) jaar, het elk een stem.
- 9.3.3 Erelede, lede onder die ouderdom van agtien (18) jaar en gekoöpteerde lede mag die vergadering bywoon en aan besprekings deelneem, maar het nie stemreg nie.
- 9.3.4 Stemming deur middel van volmag is slegs moontlik indien skriftelike kennis vóór die vergadering aan die Sekretaris gegee is en indien stemming deur middel van 'n geregistreerde lid sal geskied.

### **9.4 Besluite**

- 9.4.1 Besluite word geneem deur 'n gewone meerderheid van stemme van die aanwesige stemgeregtigde lede wat 'n stem uitbring.
- 9.4.2 Met die uitsondering van die Voorsitter van die vergadering, verwys paragraaf 9.6.2, het elke aanwesige stemgeregtigde lid, bo die ouderdom van agtien (18) jaar, een (1) stem.
- 9.4.3 Stemopnemers en stemtellers word deur die Voorsitter van die vergadering aangewys.

### **9.5 Kworum by Algemene Vergaderings**

- 9.5.1 Een derde (1/3) van die lede, wat kragtens paragraaf 9.3 van hierdie Grondwet teenwoordig mag wees en mag stem, (paragraaf 9.3.2) maak 'n kworum uit, met dien verstande dat Erelede, paragraaf 6.2, en gekoöpteerde lede, volgens paragraaf 10.2.2, nie by die berekening van die kworum in aanmerking geneem word nie.
- 9.5.2 Indien die vereiste kworum nie aanwesig is nie, verdaag die Voorsitter die vergadering na dertig (30) minute. Binne drie (3) dae na die verdaging moet die Sekretaris op die wyse neergelê in paragraaf 9.1.2 opnuut kennis gee en op dié vergadering aldus belê, vorm die aanwesige lede 'n kworum.

### **9.6 Voorsitter by Algemene Vergaderings**

- 9.6.1 Die Voorsitter tree as voorsitter by alle Algemene Vergaderings van die Klub op. In sy afwesigheid tree die Visevoorsitter van die Klub as voorsitter op. In die afwesigheid van albei hierdie persone, kies die betrokke vergadering uit eie geledere 'n voorsitter om op daardie vergadering as voorsitter op te tree.

- 9.6.2 Die voorsitter by enige Algemene Vergadering het 'n gewone sowel as 'n beslissende stem.

## **10. UITVOERENDE BESTUUR**

### **10.1 Verkose lede:**

- 10.1.1 die Voorsitter
- 10.1.2 die Visevoorsitter
- 10.1.3 die Sekretaris
- 10.1.4 die Tesourier
- 10.1.5 die Ryskoolbestuurder
- 10.1.6 die Studentevertewoordiger
- 10.1.7 twee addisionele lede

### **10.2 Benoemde lede:**

- 10.2.1 Ex Officio-lede
  - a) die Sportdirekteur
  - b) die Sportbestuurder
  - c) die Stalmeester
- 10.2.2 Gekoöpteerde lede
 

Persone met besondere kundigheid kan deur die Uitvoerende Bestuur op 'n ad hoc-basis gekoöpteer word. Sodanige gekoöpteerde lede beskik slegs oor stemreg ten opsigte van die besondere veld van kundigheid of projek waarvoor hulle aangestel is.

### **10.3 Benoeming en aanstelling**

- 10.3.1 Slegs klublede, bo die ouderdom van agtien (18) jaar, wat ten minste ses (6) maande voor die vergadering aan die Klub behoort het, kan verkies en benoem word in die ampte soos vermeld in paragraaf 10.1.1 tot 10.1.7.
- 10.3.2 Geen persoon wat lid van 'n ander klub is kan as lid van die Uitvoerende Bestuur of enige ander subkomitee verkies word nie, behalwe waar die nodige toestemming, soos omskryf in paragraaf 7.3, verleen is.
- 10.3.3 Skriftelike nominasies op die voorgeskrewe vorm moet die Sekretaris agt-en-veertig (48) uur voor die Algemene Jaarvergadering bereik. Voorafgaande bepaling geld nie vir 'n persoon wat hom/haar vir 'n amp herkiesbaar stel nie.
- 10.3.4 Voorstelle moet vergesel word van die nodige handtekeninge van die genomineerde kandidaat, die voorsteller en 'n sekondant.
- 10.3.5 Persone mag vir meer as een posisie op die Uitvoerende Bestuur genomineer of benoem word, maar mag nie meer as een posisie op die Uitvoerende Bestuur beklee nie.
- 10.3.6 Die genomineerde kandidaat moet by die Algemene Jaarvergadering teenwoordig wees, andersins verval die nominasie, behalwe waar die Uitvoerende Bestuur toestemming gegee het tot afwesigheid.
- 10.3.7 Geen verdere nominasies sal tydens die vergadering aanvaar word nie, behalwe in die geval van onvoldoende nominasies.

- 10.3.8 Verkiesings vind tydens die Algemene Jaarvergadering plaas en geskied per stembrief, behalwe waar slegs een persoon genomineer is in welke geval die persoon dan onbestrede verkies is.
- 10.3.9 'n Meerderheid stemme word vereis om verkies te word.
- 10.3.10 Die Stalmeester word deur die Uitvoerende Komitee aangestel en dien ex officio op die Uitvoerende Bestuur van die Klub asook alle ander subkomitees van die Klub.
- 10.3.11 Die Sportbestuurder word deur die Universiteit van Stellenbosch aangestel en dien ex officio op die Uitvoerende Bestuur van die Klub asook alle ander subkomitees van die Klub.
- 10.3.12 Die Sportdirekteur word deur die Universiteit van Stellenbosch aangestel en dien ex officio op die Uitvoerende Bestuur.

#### **10.4 Ampstermyn**

- 10.4.1 Die Voorsitter word vir 'n termyn van twee (2) jaar verkies.
- 10.4.2 Die Visevoorsitter word jaarliks verkies.
- 10.4.3 Die Sekretaris word jaarliks verkies.
- 10.4.4 Die Tesourier word jaarliks verkies.
- 10.4.5 Die Ryskoolbestuurder word jaarliks verkies.
- 10.4.6 Die Studentevertewoordiger word jaarliks verkies.
- 10.4.7 Die twee addisionele lede word jaarliks verkies.
- 10.4.8 Gekoöpteerde lede word vir 'n termyn van een jaar benoem.
- 10.4.9 Indien 'n lid van die Uitvoerende Bestuur sterf, bedank of sy amp om enige ander rede as die van tydsverloop ontruim, word die vakature vir die oorblywende deel van sy termyn gevul deur dieselfde prosedure te volg as dié wat geld vir die gewone verkiesing of aanstelling van lede van die Uitvoerende Bestuur.

#### **10.5 Ontheffing uit Amp**

'n Bestuurslid kan om die volgende redes uit sy/haar amp onthef word:

- 10.5.1 indien hy/sy van twee (2) agtereenvolgende vergaderings van die Uitvoerende Bestuur wegbly, sonder bevredigende verskoning; of
- 10.5.2 as gevolg van nalatigheid of ernstige pligsversuim; of
- 10.5.3 na aanleiding van die bevindinge van 'n dissiplinêre vergadering.

#### **10.6 Magte en Pligte van die Uitvoerende Bestuur**

- 10.6.1 Behoudens die bepalings van hierdie Grondwet, berus die beheer en uitvoerende gesag van die Klub by die Uitvoerende Bestuur en alle besluite van die Uitvoerende Bestuur is bindend vir lede van die Klub totdat sodanige besluite deur die Uitvoerende Bestuur self herroep, of op 'n Algemene Vergadering afgekeur of gewysig word.
- 10.6.2 Die Uitvoerende Bestuur kan enige van sy bevoegdhede na eie goeddunke aan subkomitees bestaande uit 'n lid of lede van die Uitvoerende Bestuur delegeer, en 'n subkomitee wat aldus aangestel is, moet by die uitoefening van die bevoegdhede wat aldus aan hom/haar gedelegeer word, voldoen aan die regulasies wat die Uitvoerende Bestuur hom/haar opgelê het.  
  
Die Uitvoerende Bestuur kan ook ander persone wat nie lede van die Uitvoerende Bestuur is nie, aanstel om in sodanige komitee te dien. Die vergaderings en verrigtinge van so 'n komitee word beheer deur die bepalings van hierdie Grondwet ten opsigte

van die reëling van vergaderings en verrigtinge van die Uitvoerende Bestuur. Enige optrede van 'n subkomitee is onderhewig aan die goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur aan wie gereeld verslag gedoen moet word.

10.6.3 Alle bona fide-handelinge van 'n vergadering van die Uitvoerende Bestuur, of van 'n subkomitee van die Uitvoerende Bestuur, of van 'n persoon wat as lid van die Uitvoerende Bestuur optree, is net so geldig asof elke sodanige persoon behoorlik aangestel was of die amp behoorlik uitgeoefen het en bevoeg was om lid van die Uitvoerende Bestuur te wees, selfs al sou dit later blyk dat daar 'n fout plaasgevind het by die aanstelling van so 'n lid of by die uitoefening van die amp deur so 'n lid of persoon wat opgetree het soos vermeld, of dat hulle of enigeen van hulle onbevoeg verklaar was.

10.6.4 Sonder om afbreuk te doen aan die voorafgaande algemene bevoegdhede, is die Uitvoerende Bestuur met die volgende magte en pligte beklee:

- a) om 'n verteenwoordiger en sekundus uit die geledere van die Uitvoerende Bestuur te verkies om die Klub by verteenwoordigende perdesportliggame te verteenwoordig
- b) om enige bevoegdhede uit te oefen en pligte uit te voer wat hierdie Grondwet of 'n Algemene Vergadering aan hulle opdra
- c) om sodanige reglemente op te stel as wat nodig is vir die doeltreffende uitvoering van sy magte en pligte, met dien verstande dat geen reglement met die bepaling van hierdie Grondwet strydig mag wees nie
- d) om die benoeming van Erelede van die Klub goed te keur
- e) om by geleentheid die name van geskikte persone aan lede op 'n Algemene Jaarvergadering voor te lê waaruit Lewenslange Lede verkies kan word
- f) om van hulle bevoegdhede of pligte aan een of meer persone in hulle geledere, met inbegrip van die Sportbestuurder, te delegeer
- g) om sameroepers van die subkomitees uit eie geledere aan te wys, ander ampsdraers te kies en om die samestelling en funksies van subkomitees by wyse van Reglemente voor te skryf
- h) om oorweging te skenk aan en besluite te neem oor aanbevelings wat voorgelê word deur enige subkomitee of enige ad hoc-komitee wat van tyd tot tyd aangestel mag word
- i) om aan die Algemene Jaarvergadering verslag te doen oor sy werksaamhede sedert die voorafgaande Algemene Jaarvergadering
- j) om volgens die Universiteit van Stellenbosch se finansiële beleid beheer uit te oefen oor die geldsake van die Klub
- k) om 'n Dissiplinêre Komitee van vier (4) lede aan te stel, waarvan een (1) lid 'n student en een (1) lid verkieslik 'n regsgeleerde moet wees
- l) om die goeie orde binne die Klub te handhaaf en, waar nodig, op aanbeveling van die Dissiplinêre Komitee strafmaatreëls teen ampsdraers of lede toe te pas
- m) om 'n Appèlkomitee bestaande uit verkieslik 'n regsgeleerde as Voorsitter en twee lede soos en wanneer benodig, aan te stel
- n) om geskille tussen ampsdraers en lede van die Klub te besleg
- o) om personeel aan te stel
- p) om sameroepers van subkomitees of ad hoc-komitees aan te stel. Die sameroepers moet hulle komitees vir goedkeuring aan die Uitvoerende Bestuur voorlê

- q) om aansoeke om lidmaatskap ingevolge paragraaf 6 te oorweeg en om ledegelde te bepaal
- r) Die lede van die Uitvoerende Bestuur wat nie lid van sodanige subkomitee is nie, kan die vergaderings van enige subkomitee bywoon en 'n spreekbeurt geniet, maar mag nie stem nie.

### **10.7 Vergaderings en kworum van die Uitvoerende Bestuur**

- 10.7.1 Die Uitvoerende Bestuur vergader ten minste ses (6) keer per jaar vir die doeltreffende afhandeling van hulle werksaamhede.
- 10.7.2 Die Voorsitter van die Klub, in samewerking met die Sportbestuurder, sal bepaal wanneer die vergaderings sal plaasvind.
- 10.7.3 Die teenwoordigheid van vyftig persent plus een (50%+1) van die verkose lede vorm 'n kworum vir die Uitvoerende Bestuur.
- 10.7.4 'n Gewone meerderheidstem word vereis vir besluite wat deur die Uitvoerende Bestuur geneem word.
- 10.7.5 Klublede mag, op versoek, enige vergadering van die Uitvoerende Bestuur bywoon, maar mag nie stemreg uitoefen nie.

### **10.8 Voorsitter by Uitvoerende Bestuursvergadering**

- 10.8.1 Die Voorsitter tree as voorsitter by alle vergaderings van die Uitvoerende Bestuur van die Klub op. In sy/haar afwesigheid tree die Visevoorsitter as voorsitter op en indien beide persone afwesig is, kies die betrokke vergadering uit eie geledere 'n voorsitter om by daardie vergadering as voorsitter op te tree.
- 10.8.2 Die Voorsitter by enige Uitvoerende Bestuursvergadering het 'n gewone sowel as 'n beslissende stem.

### **10.9 Hersiening en herroeping van Besluite**

Enige besluit van die Uitvoerende Bestuur kan deur 'n Algemene Vergadering van die Klub herroep of hersien word.

## **11. DAGBESTUUR**

- 11.1 Die Uitvoerende Bestuur sal 'n Dagbestuur aanwys, bestaande uit die Voorsitter, Stalmeester, Sportbestuurder en Tesourier, wat dringende aangeleenthede namens die Uitvoerende Bestuur kan afhandel.
- 11.2 Die teenwoordigheid van vyftig persent plus een (50%+1) van die lede vorm 'n kworum vir die Dagbestuur.
- 11.3 'n Gewone meerderheidstem word vereis vir besluite wat deur die Dagbestuur geneem word.
- 11.4 Alle besluite is onderworpe aan bekragtiging by die volgende Uitvoerende Bestuursvergadering.

## **12. DIE VOORSITTER**

- 12.1 Die Voorsitter is die uitvoerende hoof van die Klub en die beleid van die Klub word onder sy/haar voorsitterskap deur die Uitvoerende Bestuur beheer en oor toesig gehou.
- 12.2 In sy/haar afwesigheid of dié van die Visevoorsitter word 'n voorsitter vir die betrokke vergadering volgens paragraaf 10.8.1 gekies.
- 12.3 Die Voorsitter is ex officio lid van alle sub- of ad hoc-komitees van die Klub.

## **13. FINANSIES**

### **13.1 Beheer oor finansies**

- 13.1.1 Die administrasie van fondse geskied soos volg:
- a) Die Klub se fondse word deur die Uitvoerende Direkteur: Finansies van die Universiteit van Stellenbosch, in oorleg met die Uitvoerende Bestuur, geadministreer.
  - b) 'n Geouditeerde inkomstestaat en balansstaat van 'n finansiële jaar moet jaarliks by die Algemene Jaarvergadering voorgelê word.
  - c) Begrotings vir elke volgende jaar moet jaarliks deur die Uitvoerende Bestuur opgestel en op 'n deurlopende basis hersien word.
- 13.1.2 Die Klub se fondse word verkry uit ledegeld, stalgeld, lesse, verhurings, skenkings, borgskappe, boetes, verkope, asook spesifieke projekte wat deur die Uitvoerende Bestuur goedgekeur word.
- 13.1.3 Die finansiële jaar van die Klub strek van 1 Januarie tot 31 Desember.

### **13.2 Ledegelde**

- 13.2.1 Alle Lewenslange en Erelede word vrygestel van ledegelde.
- 13.2.2 Gelde is betaalbaar voor of op 'n datum soos vasgestel deur die Uitvoerende Bestuur, waarna 'n boete gehef sal word. Na betaling van ledegelde is Klublede volopbetaalde lede.
- 13.2.3 Ledegelde is dieselfde vir alle lidmaatskapafdelings en lede wat ná die aangewese datum aansluit sal op 'n pro-rata-basis betaal.
- 13.2.4 Waar ledegelde nie binne een maand van die sperdatum uitgereik betaal is nie, kan lidmaatskap opgeskort word en skuldiges kan verbied word om van die Klub se fasiliteite gebruik te maak.

### **13.3 Ouditering**

By die Algemene Jaarvergadering word 'n persoon wat nie lid van die Bestuur mag wees nie, benoem om die boeke van die Klub te ouditeer. Die geouditeerde finansiële state word by die Algemene Jaarvergadering deur die Tesourier voorgelê.

## **14. KLEURE VAN DIE KLUB**

### **14.1 Klubbaadjie, -wapen en -das**

- 14.1.1 Die klubbaadjie is 'n kleurbaadjie, soos goedgekeur deur die Universiteit van Stellenbosch, met die klubwapen as sakwapen.
- 14.1.2 Die klubwapen bestaan uit 'n gewone universiteitswapen omrand met twee goudkleurige louriertakke met "Perdry" bo in die middel en die naam "Stellenbosch" onderaan.
- 14.1.3 Die klubdas is soos van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Bestuur goedgekeur word.
- 14.1.4 'n Persoon word toegelaat om die klubbaadjie, -wapen en -das te dra wanneer hy/sy voldoen aan die gestelde vereistes soos dit in die reglemente neergelê is.

## **14.2 Erewapen**

- 14.2.1 Die erewapen bestaan uit die gewone klubwapen soos vermeld in paragraaf 14.1.2, maar met 'n vyfpuntige silwer ster onderaan, net waar die twee louriertakke bymekaarkom.
- 14.2.2 'n Erewapen word op aanbeveling van die Uitvoerende Bestuur toegeken aan enige persoon wat besondere dienste aan die Klub of aan perdry lewer, of gelewer het.
- 14.2.3 'n Lid van die Klub kwalifiseer outomaties om 'n erewapen te dra wanneer hy/sy provinsiale of nasionale kleure in perdry verwerf.

## **14.3 Ander Kentekens**

- 14.3.1 Lewenslange lede, Erelede en lede van die Uitvoerende Bestuur van die Klub, word volgens paragrawe 6.1 tot 6.3, vereer met die aanbring van 'n kenteken onderaan die klubwapen. Die woorde "Lewenslid", "Erelid" of "Bestuur" word in silwer draad onder die woord "Stellenbosch" op die klubwapen aangebring om sodoende die betrokke erelid of ampsdraer te identifiseer.
- 14.3.2 Al die erelede en ampsdraers in paragraaf 14.3.1 vermeld, kwalifiseer met hulle verkiesing vir klubkleure en die onderskeie kentekens.

## **14.4 Klub Uniform**

- 14.4.1 Die amptelike kleure van die Klub is soos van tyd tot tyd deur Universiteit van Stellenbosch bepaal.
- 14.4.2 Amptelike klub-numnachs moet tydens deelname aan amptelike byeenkomste onder die saalstuk gedra word.
- 14.4.3 Sodanige klubdrag soos deur die Uitvoerende Bestuur in samewerking met die Sportburo spesifiek goedgekeur is.

## **15. TOEKENNINGS**

Ereklubkleure of -toekennings word, gebaseer op 'n eenparige voorstel van die Uitvoerende Bestuur, aan verdienstelike persone toegeken.

## **16. WYSIGINGS VAN DIE GRONDWET**

Hierdie Grondwet kan alleen gewysig word deur 'n besluit van minstens twee derdes (2/3) van die stemgeregtigde lede wat op 'n Algemene Vergadering van die Klub aanwesig is. Voorstelle vir die wysiging van die Grondwet moet minstens veertien (14) dae voor die Algemene Vergadering skriftelik, en vergesel van die handtekening van die voorsteller en sekondant, by die Sekretaris ingehandig word.

## **17. ONTBINDING**

In die geval van die ontbinding van die Klub, sal enige oorblywende bates, nadat alle aanspreeklikhede nagekom is, oorgedra word aan die Universiteit van Stellenbosch Sportburo, soos wat besluit kan word by 'n Buitengewone Algemene Vergadering van lede wat steeds ten tye van die vergadering klublede is en op voorwaarde dat die normale kennisgewingstydperk nagekom is. Geen kworum sal van toepassing wees vir hierdie vergadering nie.

Goegekeur: 5 Augustus 2009